

Wat maak ons nou met die boek Openbaring?

Openbaring 22:6-21

7 Maart 2021

1. Watter woorde is betroubaar en waar? (vers 6)
 - a. Visioen oor nuwe hemel en aarde en nuwe Jerusalem? (Op 21:5b)
 - b. Woorde oor wat binnekort moet gebeur... (vers 6)
 - c. ... maar dit is waar van die hele boek Openbaring (Op 1:1)
 - d. Vergelyk Op 22:7 en 1:3 – geseënd is die wat die profesie se woorde ter harte neem
2. Aan wie is die woorde in die boek Openbaring gerig? (vers 6)
 - a. Dienaars van God – deel van die nuwe Jerusalem (vers 3, Op 1:1)
 - b. Gerig aan die sewe gemeentes (Op 1:4), en dus aan die kerk deur die eeue
3. Wat is die inhoud van die woorde in die boek Openbaring? (vers 6)
 - a. Dit wat binnekort moet gebeur (vgl vers 7, 10, Op 1:1, 3)
4. Hierdie woorde is betroubaar en waar (vers 6) – kan ons seker wees?
 - a. Die Bybel sê so, en gelowiges is oortuig die Bybel is betroubaar en waar
 - b. Oorsprong van die woorde is God self. Verder is Jesus die geloofwaardige Getuie (Op 1:5, 3:14) wat die Vader se woorde getuig (Joh 14:10).
 - c. Jesus gee self die opdrag aan Johannes om die woorde neer te skryf (Op 1:10-13)
 - d. Engel wys Johannes tereg as hy hom wil aanbid (Op 19:10, 22:8-9) – sou tog ook ander foute uitwys
 - e. Johannes het dit neergeskryf – en aan sewe gemeentes gestuur
 - f. Jesus getuig in sewe briewe: “Ek weet wat julle doen...” – hulle kon dit tog verifieer
 - g. Openbaring is hoogtepunt van baie ontwikkelingslyne deur die loop van die Bybel
5. Wat moet die kerk met Openbaring doen? (vers 7,17-18,10)
 - a. Moet die woorde ter harte neem / bewaar (vers 7)
 - i. Inhoud: riglyne vir gemeentes, wêreld in die eindtyd, aardse stryd is deel van groter stryd, uitslag van stryd is bekend, na afsterwe vergader gelowiges in die hemel, finale oordeel kom en sal regverdig wees, komende nuwe Jerusalem, kulminering van Bybelse ontwikkelingslyne, motiveer die sinvolheid van God se plan
 - ii. Mag niks byvoeg of wegneem nie (vers 17-18)
 - iii. Mag dit nie ignoreer omdat dit “moeilik” is nie
 - b. Mag dit nie geheim hou nie (vers 10)
 - i. Wêreld moet gewaarsku word oor komende einde